# DIE


# EENDJIENUUS

Uitgawe 33: 3 Oktober 2025



BELANGRIKE INLIGTING:


| | |
|---|---|
| Datums | Bl. 3 |
| Begrotingsvergadering | Bl. 11 |
| Gholfdag | Bl. 12 |



# Uit die kantoor

- Baie sterkte aan ons eerste hokkiespan wat dié naweek aan die Noordwes hokkie uitdaagtoernooi in Potchefstroom gaan deelneem.
- Baie sterkte aan ons swemmers wat aan die Curro gala in Pietermaritzburg gaan deelneem.
- Baie geluk aan die dogters wat gekwalifiseer het om in die vakansie aan die interprovinsiale tweekamp byeenkoms te gaan deelneem.
- Baie sterkte aan die dogters wat in die vakansie provinsiale spanne verteenwoordig in verskeie sportsoorte.
- Die leerderverslae is gister uitgedeel. Volgende kwartaal is daar nie 'n oueraand nie. Indien u bekommerd is oor u dogter se vordering, kan u met die betrokke onderwyseres skakel en 'n afspraak maak.
- Die derde kwartaal was 'n besige kwartaal en ons kyk met dankbaarheid terug oor al die gebeure wat plaasgevind het.
- Dankie aan die beheerliggaam, administratiewe personeel, middagstudiepersoneel, koshuispersoneel en terreinpersoneel vir u harde werk deur die kwartaal.
- Dankie aan elke personeellid en dogter vir jul harde werk in die klaskamer en op sport- en kultuurgebied.
- Dankie aan elke ouer vir u betrokkenheid en ondersteuning. Geniet die kort vakansie saam met u dogters.
- Die skool heropen op Maandag, 13 Oktober, om 07:30.
- Ons herinner u net weer aan ons prysuitdelingsfunksies wat volgende kwartaal plaasvind:

  Graad 1 – 3: Maandag, 20 Oktober, om 09:00 in die ML Spiessaal.
  Graad 4 – 7: Maandag, 20 Oktober, om 18:00 in die ML Spiessaal.
- Die buitemuurse aktiwiteite begin op Dinsdag, 14 Oktober.

# BELANGRIK

| | |
|---|---|
| 4 Oktober: | Hokkie: Skole uitdaagtoernooi, Potchefstroom<br>Tweekamp: Interprovinsiaal, Bloemfontein |
| 5 Oktober: | Juf. Franceske verjaar<br>Wêreld Onderwysersdag |
| 8 Oktober: | Juff. Natasja en Danel verjaar |
| 10 Oktober: | Juf. Grizelda verjaar (Koshuis) |
| 13 Oktober: | Skool open<br>Leerderraadvergadering<br>Tweede Ouerbegrotingsvergadering 17:30 |
| 14 Oktober: | Voedselprojek Gr. 1B<br>Buitemuurs begin |
| 16 Oktober: | Juf. Jené verjaar<br>Voedselprojek Gr. 1C<br>GEEN SWEM |
| 17 Oktober: | Gholfdag<br>Skool verdaag 13:00 |
| 20 Oktober: | Tennisliga o. 11<br>GEEN BUITEMUURS<br>Prysuitdeling: GF - 09:00<br>IF - 18:00 |
| 21 Oktober: | Juf. Zané verjaar<br>Voedselprojek Gr. 7A<br>Jaarbladfoto's<br>Musiek: Jaareind-konsert<br>Tweekampliga 2 |
| 22 Oktober: | Gerrie Berner-tennistoernooi vertrek |
| 23 Oktober: | Voedselprojek Gr. 7B<br>Gerrie Berner-tennistoernooi |
| 24 Oktober: | Gerrie Berner-tennistoernooi<br>Hokkie: AGM Johannesburg |
| 25 Oktober: | Gerrie Berner-tennistoernooi |

# Minitennis

Oranje se eerste Eendjie Beker Minitennistoernooi sou plaasvind op Saterdag, 27 September. Lieflike reën het egter veroorsaak dat dit uitgestel moes word na Maandag, 29 September.

21 gr. 3 spelers van Oranje en 12 spelers van Grey het deelgeneem.

Almal het in spanne van 4 teen mekaar meegeding en elkeen moes 7 wedstryde speel.

Die volgende dogters is gekroon as ons heel eerste wenspan van die toernooi:

Catie Botha, Lené Janse van Vuuren, Niéke en Mari du Plessis.

Almal was dit eens dat hierdie toernooi 'n jaarlikse instelling moet word. Soos met alle eerstes word lesse geleer, maar ook potensiaal gesien vir verdere groei in die toekoms. Altyd vooruit!



# Tennis

Die volgende dogters het op 26 September deelgeneem aan die Round Robin Tennistoernooi en soos volg presteer:

| | | |
|---|---|---|
| Lené Vermeulen : | Enkels | 1ste |
| Mikela Kritzinger: | Enkels | 2de |

# Swem

Die volgende dogters het op 26 en 27 September aan die Pelicans Gala deelgeneem en soos volg presteer:

<u>Anri Liebenberg:</u>

| | | |
|---|---|---|
| 50m | Vlinderslag | 1ste |
| 100m | Rugslag | 2de |
| 200m | Vryslag | 3de |
| 50m | Rugslag | 3de |
| 100m | Vryslag | 4de |
| 50m | Vryslag | 5de |

<u>Kailah Nel:</u>

| | | |
|---|---|---|
| 400m | Vryslag | 1ste |
| 200m | Rugslag | 1ste |
| 50m | Rugslag | 1ste |
| 100m | Rugslag | 2de |
| 100m | Vryslag | 3de |
| 50m | Vryslag | 5de |

<u>Jeanine Goosen:</u>

| | | |
|---|---|---|
| 200m | Vryslag | 2de |
| 50m | Vlinderslag | 3de |
| 100m | Borsslag | 4de |
| 100m | Rugslag | 4de |
| 50m | Rugslag | 4de |
| 100m | Vryslag | 4de |

<u>Lily Erasmus:</u>

| | | |
|---|---|---|
| 50m | Vlinderslag | 3de |

# Sport

# Perdry

Baie sterkte aan die volgende dogters wat ingesluit is in die Vrystaat Sanesa Perdryspan wat vanaf 8 tot 11 Oktober in Johannesburg gaan deelneem aan die Nasionale Kampioenskap:

Amy-Lee Cairns
Inke Krüger
Marina Marx
Ariana de Wet



# Biathle

Baie sterkte aan die volgende dogters wat ingesluit is in die Vrystaat Biathlespan wat vanaf 3 tot 5 Oktober aan die Suid-Afrikaanse Biathle Kampioenskap gaan deelneem in Mbombela, Mpumalanga.

Naomi Malan
Lea Cilliers
Kaylin Blair
Tené Venter
Almé Bornman

# Triathle

Baie sterkte aan die volgende dogters wat ingesluit is in die Vrystaat Triathlespan wat vanaf 3 tot 5 Oktober aan die Suid-Afrikaanse Triathle Kampioenskap gaan deelneem in Mbombela, Mpumalanga:

Lea Cilliers
Kaylin Blair
Tené Venter

# Gimnastiek

Baie sterkte aan die volgende dogters wat gekies is vir die Vrystaat Artistiese Gimanstiekspan wat vanaf 7 tot 10 Oktober aan die Suid-Afrikaanse Gimnastiekkampioenskap gaan deelneem:

Adriana Burger
Domique Kordom
Mieke Meyer
Lienke Lubbe
Mieke Naudé

Baie sterkte aan Dominique Kordom wat gekies is vir die Vrystaat Trampolien Gimanstiekspan wat vanaf 7 tot 10 Oktober aan die Suid-Afrikaanse Gimnastiekkampioenskap gaan deelneem.

# Algemeen

# Dans

Die volgende dogters het op 26 en 27 September aan die Cape Classique Championships & World Qualifier 2025 in Kaapstad deelgeneem en soos volg presteer:

Skylé-Anne Jansen van Rensburg:

| | | |
|---|---|---|
| 14 jaar en jonger | Freestyle Qualifiers | 3de |
| 13 tot 14 jaar | WTC Disco Slow dance | 3de |
| 13 tot 14 jaar | WTC Disco Solo | 3de |
| 12 tot 13 jaar | Champ Slow dance | 3de |
| 12 tot 13 jaar | Champ Freestyle | 3de |
| 12 tot 15 jaar | Syllabus Slow Level 6 | 3de |
| 12 tot 15 jaar | Syllabus Freestyle Level 6 | 3de |

Denise Breytenbach:

| | | |
|---|---|---|
| 12 jaar en jonger | Championship World Qualifier Freestyle Solo | 1ste |
| 10 tot 11 jaar | Championship Freestyle Solo Title | 1ste |
| 12 jaar en jonger | Wêreldkwalifiserende rondte Disco Dance Solo | 2de |
| 12 jaar en jonger | Wereldkwalifiserende rondte Disco Slow dance | 2de |
| 10 tot 11 jaar | Championship Slow dance Solo Title | 2de |

# Erfenisdag

Oranje het Vrydag, 26 September, volgens hul kultuur aangetrek ter ere van Erfenisdag wat op Woensdag, 24 September, gevier was.



Suid-Afrika, en veral ons Oranje eendjies, het voorwaar 'n ryk erfenis om op trots te wees en te koester!







# Onderwysersdag

Onderwysersdag is ‘n dag waarop ons eer aan dié bring wat nie net kennis oordra nie, maar ook harte vorm en drome laat groei. Onderwysers, ons eer julle - nie net vir wat julle doen nie, maar vir wie julle is! Julle is die pilare wat ons samelewing dra, en die inspirasie vir elke nuwe geslag.

Die personeel se dag is afgeskop met ‘n heerlike bederf by Eendstop en baie inspirasie vir 2026!






Die leerderraad ouers het die personeel verder bederf met pragtige geskenkies! Dankie aan elke leerder wat bygedra het.

Baie dankie en gelukkige Onderwysersdag!










# Onderwysersdag

Baie dankie aan al die borge wat 'n bydrae gemaak het om ons personeel te bederf op Onderwysersdag! Julle ondersteuning en lojaliteit word waardeer!




Eendstop
VIR DIE SNOEP EENDJIE
BEATRICE 079 891 4510




SIR FRUIT

Waltons
All your business needs

medi- bloem
PHARMACY

OFS SMART REPAIR

PGC
PIEK GROUP











# Gedagte vir die week

## Vir ons onderwysers

Julle wat ons kinders leer
en hul gedagtes met feite
en idees fatsoeneer.

Julle wat raad gee,
‘n liefde vir kennis inspireer,
en bystaan ongeag wat gebeur.

Julle wat onbaatsugtige liefde gee,
Vir elke kind met elke tree...

Dankie!

Geseënde en gelukkige Onderwysersdag!

# DIE CHRISTELIKE EN NASIONALE PRIMÊRE MEISIESKOOL ORANJE

(051) 447 6845 kantoor@oranjeprimer.co.za Aliwalstraat 99, Bloemfontein

2 Oktober 2025

Geagte Ouers,

**Vir u dringende aandag:**

**TWEEDE BEGROTINGSVERGADERING**

**Die tweede Begrotingsvergadering vind plaas op Maandag, 13 Oktober 2025, om 17:30 in die Rachel Steynsaal, aangesien daar nie 'n 10% kworum van ouers tydens die eerste vergadering was nie.**

Die Beheerliggaam van die skool moet jaarliks en in ooreenstemming met sekere neergelegde regulasies, 'n raming van die inkomste en uitgawes van die skool maak vir die eersvolgende finansiële jaar (Suid-Afrikaanse Skolewet, 1996, artikel 38 (1)).

In terme van Algemene Regulasie 6 van die Vrystaatse Departement van Onderwys word u hiermee **7 dae kennis gegee** van die begrotingsvergadering vir die **2026 finansiële jaar**.

*Die konsepbegroting is reeds vanaf* **Dinsdag, 14 September 2025,** *beskikbaar by die finansiële-kantoor indien u dit wil besigtig.*

Ons maak staat op u samewerking in belang van u en ons dogters se toekoms en ons doen 'n vriendelike, dog ernstige beroep op u as ouers om hierdie vergadering by te woon.

Ons kinders is ons rykdom – laat ons hulle potensiaal raaksien en hulle aanmoedig om dit te ontwikkel.

Oranje – op pad vorentoe!

Groete

A Olbertyn

**Mev. A. T. Albertyn**
Skoolhoof

JMB Wessels

**Mnr. M. Wessels**
Voorsitter Beheerliggaam


PRIMÊRE
MEISIESKOOL ORANJE
Gholfdag
Hole-in-one
R100 000
op die spel
BLOEMFONTEIN GOLFCLUB
"BETTER BALL STABLEFORD"
VIERBAL: R600 P.P
SLUIT IN: HALFWEGHUIS, GESKENK BY AANKOMS, VINGERETE BY PRYSUITDELING
VRYDAG | 17 OKTOBER, 2025
ORANJE
VOORUIT
1907
Putjie borg: R3 000
Kontak vir Rochelle
078 214 7872

## **Swem:**

Mecheline begin weer op 14 Oktober met swem.

Tyd: **15h00 tot 17h00**

As enige iemand belangstel, dan sal dit so werk:

**15h00 – 15h30** : Kinders wat al gemaklik is in swembad en borrels kan blaas.

**15h30 – 16h00** : Kinders wat al lengtes van die swembad kan swem.

**16h00 – 17h00** : Kinders wat al meer as een lengte gemaklik kan swem.

Swem is van **Maandag tot Donderdag**.

Mecheline doen geen waterveiligheidswem nie.

Betalings:

1 les per maand : R180.00
2 lesse per maand : R360.00
3 lesse per maand : R540.00
4 lesse per maand : R720.00

**NB! Betalings moet voor die 3$^{de}$ van elke maand betaal word.**

Sodra alle vrywaringsvorms ingevul is, sal Mecheline 'n Whatsapp groepie maak en alle vrae sal daar geantwoord kan word, soos bank besonderhede, ens.

10% van elke kind wat swem word dan aan Oranje Primêr betaal vir die gebruik van die swembad.

# ADVERTENSIES